Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR

# GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

## HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: VRAE EN ANTWOORDE

**VAK: VERBRUIKERSTUDIES**

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 11 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. AFDELING A moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word en agter in die ANTWOORDEBOEK geplaas word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op ʼn NUWE bladsy.

5. ʼn Sakrekenaar mag gebruik word.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak ŉ kruisie (x) in die blokkie (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. Geen punte sal toegeken word as meer as een kruisie (x) vir ŉ antwoord verskyn nie.

1.1.1 ŉ Mode-leier is iemand wat ...

A slegs die nuutste mode dra.
B klassieke style individualiseer.
C genoeg selfvertroue het om ŉ nuwe mode te dra voordat iemand anders dit doen.
D onvleiende style onmiddellik verwerp. (2)

1.1.2 Watter van die kledingstukke is ŉ klassieke styl?

A Wit hemp
B Trui
C Koordferweel baadjie
D Bont uitrusting (2)

1.1.3 Mode is ...

A deur ontwerpers bepaal.
B ŉ klerestyl wat die meerderheid mense van ŉ sekere ouderdoms-groep dra.
C om die nuutste ontwerpersetiket te dra.
D die klere wat deur ŉ mode-ontwerper gedra word. (2)

1.1.4 As jy allergies is vir melkprodukte, moet die volgende komponent in voedsel vermy word.

A Laktoglobulien
B Aminosure
C Soja
D Butien (2)

1.1.5 Wanneer die totale energie verskaffing en inname van essensiële nutriënte minder is as jou liggaam se behoeftes, verwys dit na ...

A ondervoeding.
B oorvoeding.
C wanvoeding.
D gebalanseerde dieet. (2)

1.1.6 Vrouens het meer ... nodig as mans.

A kalsium
B magnesium
C sink
D yster (2)

1.1.7 ŉ T-hemp met ŉ trots Suid-Afrikaanse etiket dui aan dat ...

A die T-hemp in Suid-Afrika vervaardig is.
B die T-hemp teen die laagste prys verkoop word.
C die T-hemp aan ŉ betrokke maatskappy se standaarde voldoen.
D die T-hemp se maatskappy verbind is tot gesonde omgewingspraktyke. (2)

1.1.8 ŉ Persoon wat klere kies om beter te lyk en deel te voel van ŉ sekere groep, word beïnvloed deur die ... omgewing.

A sosio-politieke
B sosio-ekonomiese
C sosio-psigiatriese
D sosio-psigologiese (2)

1.1.9 Hierdie gereg sal die voedingstof jodium verskaf wat benodig word vir die normale funksionering van die skildklier.

A Spekvleis en eiers
B Sampioene en kaas omelet
C Beesvleis bredie en groente
D Vis en kapokaartappels (2)

1.1.10 Berei ŉ ete wat ryk is in vitamiene A, C, E en selenium sodat dit geskik kan wees vir persone wat ly aan ...

A hoë bloeddruk.
B anemie.
C diabetes.
D MIV/Vigs. (2)

(10 x 2) (20)

1.2 **AFPARINGSITEMS**

Kies die verduidelikings in KOLOM B wat met die modeterm in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die nommer (1.2.1 – 1.2.5) op jou antwoordblad.

| | **KOLOM A MODETERME** | | **KOLOM B VERDUIDELIKINGS** |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Styl | A | Die buitelyne van jou liggaam of ŉ kledingstuk |
| 1.2.2 | Modegier | B | Die verskille of toevoegings wat eenderse produkte van mekaar onderskei |
| 1.2.3 | Haute couture | C | ŉ Mode wat van korte duur is |
| 1.2.4 | Silhoeët | D | Nuwe style of ontwerpe wat gedra en aanvaar word deur ŉ klein groep persone |
| 1.2.5 | Massa mode | E | ŉ Styl geproduseer in groot volumes en aanvaar deur die algemene mark |
| | | F | Dit is tydloos, eenvoudig ontwerp en geskik vir die meeste persone |
| | | G | Verwys na nuwe uitrustingstyle wat deur min mode-leiers gedra word |

(5 x 2) (10)

1.3 Kies uit KOLOM B die oorsaak wat die beste pas by die gesondheidsprobleem in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – G) langs die nommer (1.3.1 – 1.3.5) op jou antwoordblad.

| | **KOLOM A GESONDHEIDSPROBLEME** | | **KOLOM B OORSAKE** |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Anemie | A | Nie voldoende kalsium, fosfaat en vitamien B |
| 1.3.2 | Oorgewig/vetsug | B | Te veel versadigde vette |
| 1.3.3 | Osteoporose | C | Eet te veel sout |
| 1.3.4 | Hoë bloeddruk | D | Ooreet |
| 1.3.5 | Hoë cholesterol | E | Nie voldoende yster in die dieet nie |
| | | F | Gebrek aan vitamiene A en C |
| | | G | Oormatige inname van glukose |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

### VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot VETSUG.

2.1.1 Verduidelik die term VETSUG. (2)

2.1.2 Meer en meer jong kinders raak vetsugtig. Verskaf moontlike redes vir die verskynsel. (4)

2.2 Noem VIER eienskappe van organiese voedsel. (4)

2.3 Beantwoord die volgende vrae in verband met diabetes.

2.3.1 Lys VIER moontlike redes waarom mense diabetes ontwikkel. (4)

2.3.2 Noem VIER simptome wat met die toestand geassosieer word. (4)

2.3.3 Maak DRIE voorstelle van voedsels soorte wat in die dieet beperk moet word. (3)

2.4 Stel VIER riglyne voor om die voedingstatus van MIV/Vigs pasiënte te verbeter. (4)

2.5 Beantwoord die volgende vrae in verband met OSTEOPOROSE:

2.5.1 Verduidelik die toestand. (2)

2.5.2 Beskryf hoe jy die toestand kan voorkom. (5)

2.6 2.6.1 Lys VIER voorbeelde van hoë cholesterol voedsels. (4)

2.6.2 Maak VIER voorstelle aan hoë cholesterollyers om hul toestand deur middel van eetgewoontes te verbeter. (4)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: KLEDING

### VRAAG 3

3.1 Dui die stadiums van die modesiklus in die korrekte volgorde aan. (4)

3.2 Beskryf die belangrikheid van voorkoms vir ŉ nuwe posisie by die werk. (5)

3.3 Maak VYF voorstelle aan ŉ besigheidsvrou- of man om aan te trek as hy/sy werk toe gaan. (5)

3.4 Klere word ingevoer vanaf China. Hoe beïnvloed dit die prys en die Suid-Afrikaanse klere-industrie? Verduidelik jou antwoord. (4)

3.5 Gestremde persone word dikwels geïgnoreer. Verskaf advies aan ŉ klere-ontwerper oor riglyne om in gedagte te hou as klere vir ŉ gestremde persoon ontwerp word. (4)

3.6 Ontwerpersetikette het die afgelope tyd toegeneem onder tieners. Bespreek die impak (effek) wat dit het op ŉ tiener se keuse van klere. (4)

3.7 Hoe moet ŉ werksklerekas beplan word? (8)

3.8 Verduidelik hoe die sosio-psigologiese faktore die keuse van klere vir die werkplek sal beïnvloed:

3.8.1 mode (2)

3.8.2 tipe werk en leefstyl (2)

3.8.3 tradisie en geloof (2)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: PRAKTIESE KOMPONENT**

Kies die vraag wat pas by die praktiese opsie wat jou skool aanbied en beantwoord slegs die een vraag naamlik:

VRAAG 4: VOEDSEL
OF
VRAAG 5: KLEDING
OF
VRAAG 6: SAGTE MEUBLEMENT

**VRAAG 4: VOEDSELOPSIE**

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

GEVALLESTUDIE

MANGO VREUGDES

Nadat me. Naidoo se man verplaas is, het hulle getrek na ŉ klein myndorp. Die nuwe huis het ŉ groot kombuis en drie groot mango bome in die agterplaas. Die myngemeenskap is klein en die plaaslike supermark wat deur me. Naidoo se nuwe bure besit word, voorsien in die gemeenskap se daaglikse behoeftes.

Om die familie se inkomste aan te vul het me. Naidoo en haar twee tienerdogters besluit om die familie se bekende atjar aan die gemeenskap te verkoop. Die resep is ŉ familie gunsteling en sy is seker dat die gemeenskap sal hou van die resep.

RESEP:
9 groen mango's
4 rooi rissies
4 uie
250 ml asyn
500 g bruinsuiker
25 g sout
Skil van 2 suurlemoene

Skil en kap die mango's in klein stukkies. Gooi die asyn bo-oor. Kap die uie en rooi rissies en voeg by die mango's. Voeg die res van die bestanddele by en prut alles saam totdat die uie en rooi rissie sag en die mengsel verdik het. Bottel terwyl dit nog warm is en verseël onmiddellik.

4.1 Definieer die term teikenmark. (2)

4.2 Identifiseer me. Naidoo se teikenmark. (2)

4.3 Noem TWEE metodes wat me. Naidoo kan gebruik om marknavorsing te doen. (2)

4.4 Wysig die resep sodat jy in staat is om VIER keer die volume atjar te maak. (7)

4.5 Formuleer voorstelle vir me. Naidoo se bemarkingsveldtog ten opsigte van die:

4.5.1 Plek (3)

4.5.2 Promosies (3)

4.6 Noem VIER produksiehulpmiddels wat tot me. Naidoo se beskikking is. (4)

4.7 Beskryf ’n geskikte verpakking vir die produk. (4)

4.8 Gee voorstelle om te verseker dat die verpakking baie aandag sal trek. (5)

4.9 Teken ’n etiket vir me. Naidoo se atjar. Maak seker dat al die nodige inligting ingesluit is. (4)

4.10 Gee redes waarom me. Naidoo se poging kan misluk. (4)
**[40]**

**VRAAG 5: KLEDINGOPSIE**

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae:

GEVALLESTUDIE

EKSKLUSIEWE KLERE

Me. Nnatsi se man is verplaas. Hulle het getrek na ’n groot dorp waar die klimaat baie wisselvallig is, warm in die somer en koud in die winter. Die vrouens in die omgewing koop graag unieke klere by die eksklusiewe klerewinkels en reis graag.

Die nuwe huis het ’n groot kamer waar me. Nnatsi naaldwerk kan doen. Om die familie se inkomste aan te vul het me. Nnatsi besluit om haar handgeborduurde 100% wit linne blouse te bemark.
MATERIAAL:
100% linne materiaal

5.1 Definieer die term teikenmark. (2)

5.2 Identifiseer me. Nnatsi se teikenmark. (4)

5.3 Noem TWEE metodes wat me. Nnatsi kan gebruik om marknavorsing te doen. (2)

5.4 Waarom is me. Nnatsi se produk geskik vir die teikenmark? (3)

5.5 Formuleer voorstelle vir me. Nnatsi se bemarkingsveldtog ten opsigte van die:

5.5.1 Plek (3)

5.5.2 Promosies (3)

5.6 Noem VIER produksiehulpmiddels wat tot me. Nnatsi se beskikking is. (4)

5.7 Beskryf ŉ geskikte verpakking vir die produk. (4)

5.8 Gee voorstelle om te verseker dat die verpakking baie aandag sal trek. (5)

5.9 Teken ŉ etiket vir me. Nnatsi se hemde. Maak seker dat al die nodige inligting ingesluit is. (6)

5.10 Gee redes waarom me. Nnatsi se poging kan misluk. (4)
**[40]**

## VRAAG 6: SAGTE MEUBLERINGSOPSIE

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae:

GEVALLESTUDIE

| |
|---|
| Me. Niemand se man is verplaas. Hulle trek na ŉ plattelandse dorp waar interieur winkels skaars is.<br><br>Om haar liefde uit te leef en hul inkomste aan te vul, het me. Niemand besluit om haar mooi verskeidenheid strooikussings te maak en te verkoop by die plaaslike tuisnywerheid. |

6.1 Definieer die term teikenmark. (2)

6.2 Identifiseer me. Niemand se teikenmark. (4)

6.3 Noem TWEE metodes wat me. Niemand kan gebruik om marknavorsing te doen. (2)

6.4 Waarom is me. Niemand se produk geskik vir die teikenmark? (3)

6.5 Formuleer voorstelle vir me. Niemand se bemarkingsveldtog ten opsigte van die:

6.5.1 Plek (3)

6.5.2 Promosies (3)

6.6 Noem VIER produksiehulpmiddels wat tot me. Niemand se beskikking is. (4)

6.7 Beskryf ŉ geskikte verpakking vir die produk. (4)

6.8 Gee voorstelle om te verseker dat die verpakking baie aandag sal trek. (5)

6.9 Teken ŉ etiket vir me. Niemand se strooikussings. Maak seker dat al die nodige inligting ingesluit is. (6)

6.10 Gee redes waarom me. Niemand se poging mag misluk. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**GROOTTOTAAL: 160**

**ANTWOORDBLAD**
**ANSWER SHEET**

**VERBRUIKERSTUDIE GR 12**
**CONSUMER STUDIES GR 12**

| | |
|---|---|
| **NAAM:**<br>**NAME:** | **JUNIE 2009**<br>**JUNE 2009** |

## AFDELING A / SECTION A

### VRAAG 1 / QUESTION 1

1.1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D |
| 1.1.2 | A | B | C | D |
| 1.1.3 | A | B | C | D |
| 1.1.4 | A | B | C | D |
| 1.1.5 | A | B | C | D |
| 1.1.6 | A | B | C | D |
| 1.1.7 | A | B | C | D |
| 1.1.8 | A | B | C | D |
| 1.1.9 | A | B | C | D |
| 1.1.10 | A | B | C | D |

(10 x 2) 20

1.2
1.2.1 ____________
1.2.2 ____________
1.2.3 ____________
1.2.4 ____________
1.2.5 ____________

(5 x 2) 10

1.3
1.3.1 ____________
1.3.2 ____________
1.3.3 ____________
1.3.4 ____________
1.3.5 ____________

(5 x 2) 10

**TOTAAL / TOTAL 40**